Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 30 MEI 2013 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh N J A Rust
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Cleophas, J H (DA)	Sedeman, A C (DA)
Cloete, C M (ANC)	Sneewe, A M (ANC)
Cox-Bruintjies, Y S (TPICO)	Stanley, B J (DA)
Fortuin, C (ANC)	Stemele, O M (DA)
Geel, B W (DA)	Van der Merwe, J I (COPE)
Humphreys, F S (ANC)	Van der Westhuizen, R F (DA)
Hunsinger, C H H (DA)	Van Zyl, M (DA)
Philander, D B (ANC)	Wilskut, W (DA)
Rangasamy, M (DA)	Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die Uitvoerende Burgemeester, Uitvoerende Onderburgemeester, lede van die publiek en die media.

Ds Jan Steyn van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Swartland-Noord, Malmesbury open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle M Z Abrahams en C H Papers.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat sedert die vorige vergadering verjaar het of binnekort sal verjaar. Die Uitvoerende Burgemeester rig 'n spesiale gelukwensing aan die Speaker, rdh N J A Rust wat op 19 Mei verjaar het.

Die Uitvoerende Burgemeester gaan voort om sertifikate van bywoning uit te deel aan raadslede wat die wykskomitee-opleiding op 15 en 16 Maart 2013 bygewoon het.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 28 MAART 2013

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

4.1/...

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 28 Maart 2013 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU 28 MAART 2013

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl W Wilskut)

Dat die notule van 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 28 Maart 2013 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 13 FEBRUARIE 2013
saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 6 FEBRUARIE 2013

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 13 MAART 2013
saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 6 MAART 2013

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite as Rekenpligtige Beampte ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, in oorlegpleging met die bodbeoordelingskomitee, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 12 MAART 2013

6.2 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 26 MAART 2013

6.3 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 19 APRIL 2013

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 VOORGESTELDE WYSIGING TEN OPSIGTE VAN DIE TOEWYSING VAN KONTANT NA DIE LOPENDE REKENING EN LEGAL SUITE (5/8/B)

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat die item ingevolge gedelegeerde bevoegdheid na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir afhandeling verwys word.

8.2/...

8.2 ORGANISATORIESE STRUKTUUR (2/3)

Die organisatoriese struktuur is met die sakelys gesirkuleer en bevat wysigings ten opsigte van onbefondse vakatures wat vanaf die struktuur verwyder is, sowel as die herstrukturering van die Swartland Munisipale Polisiediens na die Swartland Verkeer- en Wetstoepassingsdiens.

[NOTA: Die ANC versoek dat hul teenkanting aangeteken word.]

BESLUIT
(op voorstel van rdl R F van der Westhuizen, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat die Raad die aangehegte organisatoriese struktuur goedkeur.

8.3 HERSIENING VAN STELSEL VAN DELEGASIES (2/5/1, 2/5/2)

Die aanvaarding van 'n stelsels van delegasies ingevolge artikel 59 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, Wet 32 van 2000 behels onder andere dat die delegasies voortdurend hersien moet word.

Die aanbring van wysigings/toevoegings sal dus 'n deurlopende proses wees, maar het die Raad uiteraard die prerogatief om die delegasies te mag herroep, te wysig of addisionele voorwaardes op te lê.

[NOTA: Die ANC versoek dat hul teenkanting aangeteken word.]

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

Dat die wysigings wat aangebring is sedert die Register van Delegasies op 31 Mei 2012 vir die eerste keer deur die Raad hersien is, bekragtig word soos per Aanhangsels A tot F tot die verslag.

8.4 OKKUPASIEHUUR BETAALBAAR UIT HOOFDE VAN RUILOOREENKOMS: MUNISIPALITEIT SWARTLAND/KORJON PROPERTIES (17/4/2/3-2/1)

Die okkupasiehuur betaalbaar aan *Korjon Properties* is op 13 Desember 2012 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gerapporteer en is daarvoor voorsiening gemaak in die 2012/2013 Aansuiweringsbegroting soos goedgekeur deur die Raad op 31 Januarie 2013.

Met die afsluiting van die Finansiële State op 30 Junie 2012 is opgemerk dat daar 'n ongespandeerde gedeelte ten opsigte van die Chatsworth Laekoste Behuisingsprojek was en gee die Direkteur: Finansiële Dienste 'n volledige uiteensetting hiervan in die verslag tot die sakelys.

Die ANC (by monde van rdl D B Philander, en ondersteun deur rdl C M Cloete) spreek hul teenkanting uit teen die besluit, en versoek dat indien daar enige persoon teenwoordig 'n belang in die aangeleentheid het, die persoon geleentheid gegee moet word om die lokaal te verlaat.

Die Speaker doen 'n beroep op die vergadering dat daar aan voormelde versoek voldoen moet word, waarna geeneen die raadsaal verlaat nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

(a) Dat die bedrag in die Finansiële State wat as 'n krediteur aangedui word ten bedrae van R2 931 870.00 na die Raad se surplusrekening omgeswaai word, en indien daar aan die einde van die 2012/2013 finansiële jaar 'n kontant bedrag in die surplusrekening beskikbaar is, 'n bydrae aan die kapitaalvervangings-reserwefonds gemaak word vir daardie gedeelte wat die Raad uit sy eie fondse bygedra het oor die termyn van die Chatsworth Laekoste Behuisingsprojek naamlik, R6 298 665.00 (saamgestel uit bydrae uit die kapitaalvervangings-reserwefonds, R2 964 030.42 en die onvoorwaardelike toekenning ten bedrae van R3 334 635.16);

8.4/...

(b) Dat daar volstaan word met die oorspronklike aanbeveling wat deur die Raad geneem is op 31 Januarie 2013, paragraaf 2.1 punt 7, dat die uitgawe uit die Bedryfsbegroting gefinansier word en met die Aansuiweringsbegroting vir 2012/2013 reggestel word.

8.5 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN ERF 7913, RIVERLANDS (12/2/R)

'n Versoek is ontvang vanaf Bester Vervoer om erf 7913 (groot 1039m²), geleë by die ingang van Riverlands by die Raad aan te koop.

Tans word die vervoerbesigheid vanaf hul woning te Roscravenweg no. 2, Riverlands bedryf. Die eienaars besef dat dit 'n ongewenste situasie skep, met verwysing na vragmotors wat die paaie in die woongebied beskadig en die geraas oorlas wat veroorsaak word deur vragmotors wat vroegoggend aangeskakel word. Die vragmotors moet tans ook verby die plaaslike laerskool ry wat 'n gevaar inhou vir die leerders.

Die aangeleentheid is op 15 Mei 2013 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee oorweeg.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word dat erf 7913, Riverlands (groot 1039 m²) per publieke tender, met ontwikkelingsvoorstelle, vervreem word vir nywerheidsdoeleindes;

(b) Dat die Raad kennis neem dat hierdie gedeelte grond nie benodig word vir die voorsiening van 'n minimum vlak van basiese munisipale dienste nie;

(c) Dat die reserweprys vasgestel word op R14 000,00 plus BTW, welke prys die huidige munisipale waardasie verteenwoordig;

(d) Dat daar van die suksesvolle koper vereis sal word om met die aangrensende eienaar van plaas 759/0 te onderhandel oor die registrasie van 'n serwituut oor sy grond om toegang tot die perseel te bewerkstellig.

8.6 VOORGESTELDE GRONDRUILTRANSAKSIE, MALMESBURY: SWARTLAND MUNISIPALITEIT / UP FRONT INVESTMENTS 173 PTY & SCHOONSPRUIT COUNTRY ESTATE: GEDEELTE VAN GEDEELTE 15 VAN PLAAS OLYPHANTSFONTEIN NO 766 VIR GEDEELTE VAN GEDEELTE 1 VAN PLAAS DE HOOP NO 697 EN GEDEELTES VAN ERF 317, MALMESBURY

Verteenwoordigers van die munisipaliteit was onlangs in gesprek met die ontwikkelaars en eienaars van gedeelte van die plaas De Hoop en *Schoonspruit Industrial Development* (sg. Schoonspruit Industriële Park) aangaande 'n grondruiltransaksie soos aangedui op die aangehegte kaart.

Die Munisipale Bestuurder voorsien verdere agtergrond tot die grondruiltransaksie en bevestig die voordele wat dit vir die Raad inhou, naamlik dat dit ideaal geleë is vir toekomstige behuisingsontwikkeling en dat die verkryging van die twee erwe in die industriële gebied geleentheid bied om die padkamp van die Weskus Distriksmunisipaliteit, wat tans langs die verkeerstoetsstasie gehuisves word, te kan verskuif. Hierdie verskuiwing sal die munisipaliteit in die toekoms in staat stel om die grond vir residensiële doeleindes te kan ontwikkel.

Die ANC, alhoewel nie gekant teen die grondruiltransaksie nie, versoek dat swart bemagtiging groter aandag sal geniet in ontwikkelings wat deur die munisipaliteit ondersteun word.

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

(a) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die volgende ruiltransaksie tussen Swartland Munisipaliteit en *UP Front Investments Pty & Schoonspruit Country Estate*, ingevolge waarvan die volgende verruil staan te word:

8.6(a)/...

Grond behorende aan gemelde ontwikkelaars, synde

- 'n gedeelte (± 16 ha groot) van Gedeelte 1 van die Plaas De Hoop no 697, aangetoon as 'B' op die aangehegte kaart, sowel as
- twee erwe in die voorgenome Schoonspruit Industriële Park, aangetoon as 'C' en 'D' en ±0.20 ha en ±0.19 ha groot respektiewelik

in ruil vir grond behorende aan die munisipaliteit, synde

- 'n gedeelte van Gedeelte 15 van die Plaas Olyphantsfontein no 766, ± 8 ha groot, aangetoon as 'A' op die aangehegte kaart;

(b) Dat die Raad se voorneme om die ruiltransaksie aan te gaan in die plaaslike media vir publieke kommentaar bekend gemaak word, in terme van die Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom;

(c) Dat alle kostes verbonde aan die ruiltransaksie, ingesluit oordrags- en advertensiekoste, vir die rekening van die munisipaliteit sal wees.

8.7 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND AAN DIE GOEDGEDACHT TRUST (12/2/R)

Die Goedgedacht Trust bedryf 'n baie suksesvolle jeugsentrum op Riebeek Kasteel as deel van hul *Path out of Poverty* (POP)-program.

Die oprigting van soortgelyke jeugsentrums in ander dorpe in die Swartland munisipale gebied, in vennootskap met die Goedgedacht Trust, is 'n ideaal wat deur die Gemeenskapsontwikkelingsafdeling nagestreef word.

In 'n skrywe gedateer 5 Maart 2012 het die Goedgedacht Trust hul bereidwilligheid getoon om verdere jeugsentrums op te rig en is moontlike persele geïdentifiseer vir hierdie doeleindes.

Die item is deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 10 April 2013 oorweeg vir aanbeveling aan die Raad.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl W Wilskut)

(a) Dat die Raad goedkeuring verleen dat gedeelte van erf 43 (groot ±2000m²), Kalbaskraal, erf 449 (groot 992m²) gekonsolideer met erf 450 (groot 788m²), Koringberg, erf 1651 (groot 1545m²), Chatsworth, erf 7893 (groot 2154m²) Riverlands en gedeelte grond (groot 597m²) geleë in fase 1 van die nuwe laekoste-behuisingsprojek, Abbotsdale en geoormerk vir crèche doeleindes, uit-die-uit-hand vervreem word aan die Goedgedacht Trust vir uitsluitlike aanwending en verbetering van die grond as jeugsentrums;

(b) Dat die grond vervreem word teen 10% van die markverwante munisipale waardasie plus BTW, soos volg:

- gedeelte (±2000m²) van erf 43 (7931m²) Kalbaskraal teen R9 420,00 (munisipale waardasie = R373 500,00 ÷ 7931m² = R47,10 X 2000m² = R94 200,00 x 10% = R9 420,00)

- erf 449 (groot ±992m²), Koringberg gekonsolideer met erf 450 (groot 788m²) teen R1 650,00 plus 14% BTW (munisipale waardasie = R16 500,00 in totaal x 10%=R1 650,00)

- erf 7893 (groot 2 154m²), Riverlands teen R2 200,00 plus 14% BTW (munisipale waardasie = R22 000,00 x 10% = R2 200,00)

- erf 1651 (groot 1 545m²), Chatsworth teen R6 400,00 plus 14% BTW (munisipale waardasie R64 000,00 x 10% = R6 400,00)

- erf (groot 597m²) geleë in Abbotsdale nuwe laekostebehuisingsprojek (teen 10% van die munisipale waardasie nog gedoen te word);

8.7/...

(c) Dat die onderverhuring deur Goedgedacht Trust van fasiliteite/geboue op enige van voormelde persele in oorleg met Swartland Munisipaliteit gedoen word;

(d) Dat ‘n terugvalklousule by oordrag van die grond teen die titelaktes van die grond geregistreer word indien die grond in enige stadium in die toekoms nie meer vir voormelde doeleindes gebruik word nie;

(e) Dat Goedgedacht Trust verantwoordelik sal wees vir alle kostes in verband met advertering en oordrag van die eiendom;

(f) Dat die vervreemding van die grond in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom in die plaaslike pers geadverteer word vir kommentaar.

8.8 AANSOEK OM BESIGHEIDSLISENSIE – ADULT WORLD GROUP (PTY) LTD

‘n Aansoek om ‘n vermaaklikheidspleklisensie was ontvang om handel te dryf as ‘n volwasse perseel en is weens die sensitiwiteit van die tipe besigheid op 13 Februarie 2013 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee oorweeg.

Daar was besluit om ‘n publieke deelname proses te volg ten einde die publiek se mening te verkry. ‘n Kennisgewing was in die plaaslike pers geplaas, asook aan die omliggende eienaars en die betrokke wykskomitee gestuur.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat ‘n petisie ontvang is vanaf die gesamentlike kerkgemeenskap met meer as 950 handtekeninge vanuit, onder andere Malmesbury, Ongegund, Riebeek-Wes, Riebeek-Kasteel, Kalbaskraal, Riverlands, Chatsworth en Abbotsdale. Rdh T van Essen noem verder dat die wye reaksie wat op die voorgestelde aansoek ontvang is, die Raad tot ander insigte moet laat kom oor hoe raadsbesluite die gemeenskap affekteer, en sal dit verkeerd wees om dit te ignoreer. Verder kan die totstandkoming van die Weskus Kollege deur hierdie aansoek in gedrang kom.

Rdh T van Essen bevestig dat ingevolge regsadvies wat bekom is, daar geen rede ingevolge die betrokke wetgewing is om die lisensie te weier nie. Die Raad moet egter, as beskermheer van die gemeenskap, verantwoording kan doen vir die besluite wat geneem word. Daar is reeds so baie euwels waaraan die jeug blootgestel word, bv. shebeens, smokkelhuise, ens. en word hierdie besigheid as nog ‘n euwel beskou waarteen die jeug beskerm moet word.

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen bevestig dat die aansoek indruis teen sy morele waardes en kan hy dit nie in sy persoonlike hoedanigheid goedkeur nie. Die volgende raadslede dui ook hulle teenkanting aan, naamlik rdle D B Philander, M S I Goliath, A C Sedeman, J I van der Merwe, M van Zyl, C M Cloete, B W Geel en C H H Hunsinger.

Tydens ‘n stemming word –

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl D B Philander)

Dat die aansoek deur *Adult World Group (Pty) Ltd*, om as vermaaklikheidsplek handel te dryf as ‘n volwasse perseel op erf 5628, Loedolfstraat, Malmesbury deur die Raad afgekeur word.

GETEKEN:
SPEAKER